

Ons stad

Ons woon in 'n groot stad langs die see. Die verkeer is altyd baie besig en op die sygaard jies is daar altyd hordes voetgangers. As jy in die stad rondstap sien jy motors, fietse, busse en vragmotors.

Ek en my ouers gaan altyd Saterdagoggende inkopies doen en dan parkeer ons, ons motor in 'n parkeerterrein langs die supermark. My ma koop dan die week se kruideniersware.

Toe ons in 'n klein dorpie gewoon het, moes mense baie versigtig wees by dwarstrate, maar in die groot stad is daar verkeersligte.

In die stad is daar ook baie groot geboue. Daar is banke, hotelle, supermarkte en baie ander tipe besighede. Ander groot geboue is die stadsaal, hospitale en kantore. Daar is ook kerke, skole, poskantore en polisiestasies. In die stad is daar ook groot fabrieke waar allerande goed vervaardig word.

By die motorhawens word motors gediens en reggemaak. Die slaghuis verkoop vleis en by die bakkerij kan jy brood en koek koop. By die hawe is dit altyd baie besig. Die skepe kom en gaan dag en nag. Party is passasierskepe en ander is vragbote wat vragte langs die kaaie op- en aflaa.

Naby ons huis is daar 'n paar parke. In een van die parke is daar 'n dieretuin. In die ander park kweek hulle bome en blomme. Al die parke het pragtige grasperke en restaurante. Ek hou daarvan om Saterdag saam met my vriende in die park naaste aan ons huis te gaan krieket speel.

Begripstoets 1

1. Waar woon die verteller van die storie? (1)
2. Het die verteller altyd daar gebly? Indien nie sê waar hy eers gebly het. (2)
3. Wat word die mense genoem wat op die sypaad jies loop? (1)
4. Wat is daar in die stad, wat nie in die klein dorpie was waar die verteller eers gebly het nie? (2)
5. Noem vyf groot geboue in 'n stad. (5)
6. Waarheen gaan die verteller saam met sy vriende oor 'n naweek en wat gaan doen hulle daar? (2)
7. Wanneer gaan die gesin inkopies doen? (1)
8. Waar parkeer hulle as hulle inkopies gaan doen? (1)

Totaal: 15 punte

Begripstoets 2

1. Noem twee soorte skepe wat in 'n hawe ingaan. (2)
2. Wat is 'n fabriek? (2)
3. Waar koop 'n mens a) vleis,
b) brood? (2)
4. Waar laat mens jou motor herstel as dit gebreek het? (2)
5. Wat is 'n dieretuin? (2)

Totaal: 10 punte